



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

BESIGHEIDSTUDIES V1

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

AFDELING A: VERPLIGTEND

AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.

AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag noukeurig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.
4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.
5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A: Objektiewe-tipe vrae VERPLIGTEND	1	30	20
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.	2	40	70
	3	40	
	4	40	
C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.	5	40	30
	6	40	
TOTAAL		150	120

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.
8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 Hierdie Wet moedig werkers aan om aan leerprogramme deel te neem.

- A Wet op Arbeidsverhoudinge (WVA), 1995 (Wet 66 van 1995)
- B Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), (Wet 75 van 1997)
- C Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998)
- D Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998)

1.1.2 ABC Couriers se enigste mededinger het onlangs toegemaak. Dit is 'n voorbeeld van 'n ... in hul SSGB-analise.

- A sterk punt
- B swak punt
- C geleentheid
- D bedreiging

1.1.3 Glitter is in die ... sektor bedrywig, aangesien hulle spesialiseer in die vervaardiging van juweliersware.

- A ekonomiese
- B primêre
- C sekondêre
- D tersiêre

1.1.4 Die Menslike Hulpbronbestuurder by Fairway Logistiek berei 'n posontleding tydens die ... prosedure voor.

- A werwings-
- B plasings-
- C keurings-
- D induksie-

1.1.5 Die kwaliteitsaanwyser van die ... funksie van Debe Beleggers sluit die verskaffing van gereelde positiewe persverklarings in.

- A bemarkings-
- B openbare betrekkinge
- C administrasie-
- D finansiële

(5 x 2) (10)

- 1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

ekonomiese; Nasionale Kredietwet; beheer; mark-; voor; omgewings;
Nasionale Kredietreguleerder; versekering; produk-; gedurende

- 1.2.1 Quick Bank is geregistreer by die ... om redelike lenings aan hul kliënte te bied.
- 1.2.2 Galore Etc. gebruik herbruikbare verpakking wanneer hulle die uitdagings wat deur die ... faktor van die PESTWO-analise veroorsaak word, hanteer.
- 1.2.3 Enele Stores het ... ontwikkeling as 'n intensiewe strategie geïmplementeer toe hulle 'n nuwe tak in 'n ander provinsie geopen het.
- 1.2.4 Die rol van die onderhoudvoerder ... die onderhoud is om seker te maak dat dieselfde hoeveelheid tyd aan elke kandidaat toegeken word.
- 1.2.5 Kwaliteit ... is die inbou van kwaliteit in teenstelling met die kontrolering van kwaliteit. (5 x 2) (10)

- 1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat ooreenstem met 'n term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Vaardigheids-ontwikkelingsheffing	A	hoe kleiner die getal, hoe minder mag het hulle
1.3.2	Mag van verskaffers	B	die doel is om kandidate uit te nooi vir 'n onderhoud
1.3.3	Posbeskrywing	C	het 'n positiewe impak op besighede omdat al die werknemers daartoe verbind is om kliënte tevrede te stel
1.3.4	Sifting	D	werkgewers behoort 'n totaal van 1% van hul salarisrekening aan die SAID te betaal
1.3.5	Totale kliënte-tevredeheid	E	beskryf die minimum aanvaarbare kwalifikasies wat vir die werk benodig word
		F	die doel is om aansoekers wie nie kwalifiseer nie, uit te skakel
		G	het 'n positiewe impak op besighede omdat hulle toegang tot globale markte verkry
		H	beskryf pligte en verantwoordelikhede van 'n spesifieke werk
		I	werkgewers moet 'n totaal van 2% van hul salarisrekening aan SAID betaal
		J	hoe kleiner die getal hoe meer mag het hulle

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld, VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

- 2.1 Noem enige VIER verbruikersregte volgens die Wet op Verbruikers-beskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008). (4)
- 2.2 Beskryf kortliks die regte van werkgewers ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge (WVA), 1995 (Wet 66 van 1995). (4)
- 2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

ZIMMY HOTELLE (ZH)

Zimmy Hotelle het Porter se Vyf Kragte-model toegepas om hul posisie in die markomgewing te analiseer. ZH het bepaal hoe kliënte wat grootmaatbesprekings maak, vir laer pryse kan onderhandel. Hulle wil ook vasstel hoe maklik dit vir nuwe hotelle is om die mark te betree.

Identifiseer TWEE kragte van Porter se Vyf Kragte-model wat van toepassing op ZH is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 2.3 te beantwoord.

PORTER SE VYF KRAGTE-MODEL	MOTIVERING
1.	
2.	

(6)

- 2.4 Verduidelik enige TWEE tipes integrasiestrategieë. (6)
- 2.5 Bespreek die doel van die Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en siektes, 1997 (Wet 61 van 1997) op besighede. (4)
- 2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

NGIDI-OPLEIDING (NO)

Ngidi-Opleiding het 'n afname in die vraag na hul dienste ervaar. NO het 'n omgewingsanalise met behulp van 'n SSGB-analise uitgevoer. Hy besluit ook om kundiges van buite te vra om te help. NO het alternatiewe strategieë geformuleer in reaksie op hul besigheidsuitdagings.

- 2.6.1 Haal TWEE stappe in die strategiese bestuursproses aan wat van toepassing is op NO uit die scenario hierbo. (2)
- 2.6.2 Verduidelik ander stappe in die strategiese bestuursproses. (4)

- 2.7 Bespreek die impak van die Nasionale Kredietwet op besighede. (4)
- 2.8 Beveel maniere aan waarop besighede die uitdagings wat deur die ekonomiese faktore van die PESTWO-analise veroorsaak word, kan hanteer. (6)
- [40]**

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHED

- 3.1 Noem VIER bronne van interne werwing. (4)
- 3.2 Beskryf kortliks die rol van die kandidaat tydens die onderhoud. (4)
- 3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ZAAN MATTE (ZM)

Zaan Matte is 'n bekende tapytvervaardigingsbesigheid. Peter, 'n werknemer, werk al die afgelope 10 jaar by ZM. Peter se kontrak is beëindig omdat hy die voorafbepaalde ouderdom bereik het, soos in sy kontrak bepaal.

- 3.3.1 Identifiseer die rede waarom Peter se dienskontrak beëindig is. (2)
- 3.3.2 Verduidelik DRIE ander redes vir die beëindiging van 'n dienskontrak. (6)
- 3.4 Adviseer besighede oor die implikasies van die Wet op Gelyke Indiensneming vir die Menslike Hulpbronsfunksie. (4)
- 3.5 Beskryf kortliks die verskil tussen *gehaltebestuur* en *gehalteprestasie*. (4)
- 3.6 Verduidelik hoe die kwaliteit van die aankoopfunksie tot die sukses van 'n besigheid kan bydra. (4)
- 3.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

STUBBS-MAALTYE (SM)

Stubbs-Maaltye implementeer TGB in die voorbereiding van maklik-om-gaar-te-maak maaltye in alle departemente. SM kan bekostig om kwaliteit grondstowwe en toerusting aan te koop. Afval word geminimaliseer en defekte word voorkom. Swak geïmplementeerde TGB verander 'n kwaliteitsraamwerk in 'n duur operasionele las.

- 3.7.1 Identifiseer TWEE TGB-elemente wat van toepassing is op SM in die scenario hierbo. (4)
- 3.7.2 Bespreek die impak van TGB indien dit swak geïmplementeer word. (4)
- 3.8 Adviseer besighede oor die rol van gehaltesirkels as deel van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels. (4)

[40]

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**BESIGHEIDSOMGEWINGS**

- 4.1 Noem TWEE tipes defensiewe strategieë. (2)
- 4.2 Beskryf kortliks die voordele van diversifikasie-strategieë. (6)
- 4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

RICKLETON UITGEWERS (RU)

Rickleton Uitgewers wil aan die WBDV voldoen. RU het Sarah verbied om enige werk te verrig wat gevaarlik vir haar en haar ongebore kind kan wees. Die sekretaris, Lerato, is vyf dae betaalde verlof toegestaan om die begrafnis van haar suster by te woon.

- 4.3.1 Identifiseer die verlofbepalings volgens die WBDV in die scenario hierbo.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 4.3.1 te beantwoord.

NAAM	VERLOFBEPALINGS
Sarah	
Lerato	

(4)

- 4.3.2 Verduidelik die strawwe vir nie-nakoming van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997). (4)

- 4.4 Adviseer besighede oor die stappe in strategie-evaluering. (4)

BESIGHEIDSBEDRYGWIGHEDE

- 4.5 Noem VIER aspekte van 'n induksieprogram. (4)

- 4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

HEMELSE KOEKE (HK)

Hemelse Koeke spesialiseer in pasgemaakte koekontwerpe. Die werkers word op grond van die aantal koeke wat vervaardig word, betaal. Werknemers is bewus van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes wat as ruggraat vir salarisbepaling dien.

- 4.6.1 Noem die salarisbepalingsmetode wat deur HK uit die scenario hierbo gebruik word. (2)

- 4.6.2. Beskryf kortliks die verband tussen salarisbepaling en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV). (4)

- 4.7 Brei uit oor die betekenis van *Totale Gehaltebestuur (TGB)*. (4)

- 4.8 Adviseer besighede oor die positiewe impak van deurlopende vaardigheidsontwikkeling/-onderwys en -opleiding as 'n element van TGB op groot besighede. (6)

[40]**TOTAAL AFDELING B: 80**

AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui duidelik die VRAAGNOMMER van elke gekose vraag aan. Die antwoord op die vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld, VRAAG 5 op NUWE bladsy of VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)

BBSEB is 'n Suid-Afrikaanse Wet wat ontwerp is om ekonomiese ongelykhede aan te spreek. Dit is ingestel om die uitdagings van SEB te oorkom. Besighede moet die voordele en implikasies van die Wet ken. Nakoming van BBSEB is van uiterste belang om onnodige strawwe vir nie-nakoming te vermy.

Skryf 'n opstel oor die Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die verskille tussen SEB en BBSEB.
- Verduidelik die impak van die BBSEB op besighede.
- Bespreek die implikasies van die volgende pilare van BBSEB op besighede:
 - Eienaarskap
 - Sosio-ekonomiese ontwikkeling/Sosiale verantwoordelikheid.
- Adviseer besighede oor die strawwe vir nie-nakoming.

[40]**VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (KWALITEIT VAN PRESTASIE)**

Besighede trek voordeel uit 'n goeie gehaltebestuurstelsel en verseker dat die bemarkings- en administratiewe funksies die besigheidsprestasie verbeter. Hulle moet 'n duidelike begrip hê van die stappe in die BDKH-model. Deur TGB te gebruik, kan die koste van gehalte verminder word.

Met die stelling hierbo in gedagte, skryf 'n opstel oor die volgende aspekte:

- Beskryf kortliks die voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel.
- Verduidelik die gehalte-aanwysers van die volgende besigheidsfunksies:
 - Bemarkingsfunksie
 - Administrasiefunksie
- Bespreek enige DRIE stappe in die BDKH-model om die kwaliteit van produkte te verbeter.
- Stel maniere voor waarop TGB die koste van kwaliteit kan verminder.

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150